



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2018

TOERISME

PUNTE: 200

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. ALLE vrae in AFDELING A, B, C, D en E is VERPLIGTEND.
3. Begin elke VRAAG op 'n NUWE bladsy.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. In VRAE 3.1.1 en 3.1.2 (b) en (c), moet jy jou antwoorde tot TWEE desimale plekke afrond.
6. Toon ALLE berekeninge.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Die tabel hieronder is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

AFDELING	VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD (minute)
A	1	Kortvrae	40	20
B	2	Kaartwerk en Toerbeplanning	50	50
	3	Buitelandse Valutaverhandeling		
C	4	Toerisme Attraksies	50	50
	5	Kultuur- en Erfenistoerisme		
	6	Bemaking		
D	7	Toerisme Sektore	30	30
	8	Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme		
E	9	Plaaslike-, Streeks- en Internasionale Toerisme	30	30
	10	Kommunikasie en Kliëntediens		

AFDELING A: KORTVRAE**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 A.

1.1.1 'n Suid-Afrikaanse reisiger ruil ZAR 4 000 vir buitelandse valuta voor sy vertrek. Die bureaux de change sal die transaksie doen deur van die ... gebruik te maak.

- A BBP
- B BVK
- C BAK
- D Euro

1.1.2 Die gasheer van die 2018 Winter Olimpiese Spele:

- A Sochi, Rusland
- B Pyeongchang, Suid-Korea
- C Beijing, China
- D Vancouver, Kanada

1.1.3 Identifiseer die beginsels van Regverdige Handel ('Fair Trade') vanuit die onderstaande opsies:

- A Betroubaarheid, volhoubaarheid en billike aandeel
- B Respek, deursigtigheid en regverdigheid
- C Billike aandeel, demokrasie en verantwoordelikheid
- D Volhoubaarheid, regverdigheid en gelyke behandeling

1.1.4 Hierdie bekende globale gebeurtenis vir die reisbedryf word jaarliks in ... gehou.



*Wêreldreismark

- A Lissabon
- B Los Angeles
- C Luanda
- D Londen

1.1.5 Watter van die onderstaande is NIE 'n rede waarom daglig-besparingstyd gebruik word NIE?

- A Om energieverbruik te verminder.
- B Om dagligure te verleng ten einde produktiwiteit te verhoog.
- C Om ontspanningstyd te verleng.
- D Om te verseker dat reisigers betyds vir hulle vlugte inboek.

1.1.6 Hierdie godsdienstige ikoon is in Istanbul, Turkye geleë:



- A Chichen Itza
- B Die Koepel van die Rots
- C Die Blou Moskee
- D Mekka

1.1.7 'n Simptoom van vluguitputting is ...

- A geswelde bene en voete.
- B ontwatering en geïrriteerdheid.
- C uitermatige moegheid.
- D hoofpyn en irritasie van die nasale kanale.

1.1.8 Kriteria 8 van UNESCO se Wêrelderfeniskriteria verklaar dat 'n Wêrelderfenisterrein 'n uitstaande voorbeeld van die hooftypke van die wêreld se geskiedenis moet verteenwoordig. Hierdie terrein voldoen aan Kriteria 8 aangesien dit die mees verweerde meteoriet impakstruktuur in die wêreld is:

- A Wieg van die Mensdom
- B iSimangaliso Vleilandpark
- C Mapungubwe Kulturele Landskap
- D Vredefortkoepel

1.1.9 Die dokument wat jou Suid-Afrikaanse bestuurslisensie in verskeie tale onderskryf:


- A IBP
- B IDL
- C Schengen visum
- D WGO

1.1.10 'n Eienskap van 'n suksesvolle toerisme-aantreklikheid:

- A Ontvang meer besoekers as wat hulle mikpunt is
- B Het 'n webtuiste
- C Personeel praat en verstaan Engels
- D Het 'n logo

- 1.1.11 Die tyd in Sydney, Australië (+10) as dit 11:00 in Johannesburg, Suid-Afrika (+2) op 25 Desember is:
- A 02:00
 - B 03:00
 - C 19:00
 - D 20:00
- 1.1.12 'n Reis na Nederland sal nie volkome wees sonder 'n besoek aan EEN van die land se ikoniese ... nie.
- A argeologiese terreine
 - B windmeulens
 - C diep klowe ('canyons')
 - D drywende markte
- 1.1.13 Watter van die onderstaande sal die MINSTE oorweeg word met die opstel van 'n dag-vir-dag reisplan vir toeriste?
- A Vervoer
 - B Verblyf
 - C Items wat die toeriste by hulle bagasie moet inpak
 - D Aantreklikhede en aktiwiteite
- 1.1.14 'n Manier om kliëntetevredenheid te bepaal sonder dat die toerismebesigheid die kontakbesonderhede van die kliënt benodig:
- A SMS-boodskap
 - B Lyftaal
 - C Terugvoerkaart
 - D Opvolg-oproep
- 1.1.15 Die £ is die geldeenheid wat gebruik word tydens reis in ...
- A Rio de Janeiro.
 - B Londen.
 - C Berlyn.
 - D Sydney.
- 1.1.16 Die Berlynse Muur ...
- A is in 2007 as een van die nuwe sewe wonders van die wêreld benoem.
 - B is 'n plek van gebed vir Jode van regoor die wêreld.
 - C is simbolies van die skeiding tussen demokrasie en kommunisme tydens die Koue Oorlog.
 - D is die wêreld se langste mensgemaakte verdedigingstruktuur.

- 1.1.17 Die ... mark het die hoogste gemiddelde besteding per dag in Suid-Afrika gedurende die vierde kwartaal van 2016 getoon.



- A Amerikas
B Asië en Australasië
C Europa
D Afrika Land
- 1.1.18 Die geldwaarde van al die goedere en dienste wat oor 'n spesifieke tyd, gewoonlik 'n jaar, in 'n land geproduseer word staan bekend as die ...
- A vermenigvuldigingseffek.
B Fluktuasie-koers.
C BBP.
D koopkrag.
- 1.1.19 'n Toeris wat gedurende die somermaande in Suid-Afrika reis behoort die volgende voorsorgmaatreëls te tref:
- A Gebruik sonskerm en dra klere wat beskerming teen die son bied
B Drink altyd gebottelde water tussen 12:00 en 14:00
C Hou waardevolle items in 'n sak wat om die nek gedra word
D Verseker dat hy/sy 'n paspoort het
- 1.1.20 Robbeneiland word as 'n ... Wêrelderfenisterrein geklassifiseer.
- A natuurlike
B kulturele
C kulturele en natuurlike
D gemengde

(20 x 1) (20)

- 1.2 Kies 'n betalingsmetode vanuit die gegewe lys wat die onderstaande beskrywings die beste voltooi. Skryf slegs die betalingsmetode langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

voorafgelaaide buitelandse valuta debietkaarte; bankwissels; buitelandse banknote; EFO; SWIFT; kredietkaart; reisigerstjeks

- 1.2.1 Laat die eienaar toe om geld by die uitreiker te leen
- 1.2.2 'n Transaksie wat oor 'n gerekenariseerde netwerk, van een bankrekening na 'n ander, plaasvind
- 1.2.3 Kan nie gewissel word nie, tensy dit in 'n bankrekening inbetaal word
- 1.2.4 PIN-kode beskerm en word nie aan 'n bankrekening gekoppel nie
- 1.2.5 Kontantnote in die geldeenheid van die land wat besoek word, wat meestal vir kleiner aankope gebruik word (5 x 1) (5)
- 1.3 Kies die korrekte woord(e) uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.3.1 'n Dokument wat aan alle personeel riglyne gee oor aanvaarbare gedrag in die werksplek staan as 'n (dienskontrak/gedragskode) bekend.
- 1.3.2 (Die Getaway-Skou/Indaba) is 'n buitelewe leefstyl en avontuur-reisbemarkingsgeleentheid.
- 1.3.3 Volgens Suid-Afrika se doeaneregulasies word goedere wat in 'n tronk vervaardig word as (verbode/beperkte) goedere beskou.
- 1.3.4 (Algemene onluste/Ongelukke) sal as 'n onvoorsiene gebeurtenis beskou word.
- 1.3.5 Die lengtelyn waarvan tyd bereken word staan as die (UTK/ewenaar) bekend. (5 x 1) (5)

- 1.4 Kies die woord(e) in KOLOM B wat die beste by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.4.6 H.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Die maksimum hoeveelheid rand wat 'n Suid-Afrikaanse burger wat na die buiteland reis, jaarliks vir buitelandse geldeenheide kan ruil	A	Venesië
1.4.2	'n Inka-stad, omring deur tempels, terrasse en waterkanale, gebou op 'n bergtop	B	Reistoelae
1.4.3	'n Eiland-stad wat deur kanale geskei is en deur brûe aan mekaar gekoppel is	C	Identiteitsdokument
1.4.4	'n Belangrike oorweging met betrekking tot internasionale reis	D	Petra
1.4.5	'n Antieke stad wat halfpad uit rots gebou is en halfpad uit rots gebeitel is en deur berge omring word	E	Reisversekering
		F	Auschwitz
		G	Machu Picchu

(5 x 1) (5)

- 1.5 Identifiseer die reisverwante siektes wat aan die onderstaande prente gekoppel word. Nommer jou antwoorde (1.5.1–1.5.5) en gee die naam van die reisverwante siekte, bv. 1.5.6 Hepatitis B.

1.5.1




* Waarskuwing! Besmette voedsel



1.5.2



1.5.3



1.5.4



1.5.5




(5 x 1) (5)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

VRAAG 2

- 2.1 Bestudeer die Wêreldtydsonekaart hieronder, lees die gegewe inligting en beantwoord die daaropvolgende vrae.



Die gasheerland van die 2018 FIFA Wêreldbeker Sokkertoernooi was Rusland. Die toernooi het op 14 Junie 2018 afgeskop en het met die finaal geëindig by Luzhniki Stadion, Moskou op 15 Julie 2018 om 18:00. Sokkerliefhebbers vanoor die hele wêreld het vasgelaat om die finaal te kyk.







- 2.1.1 Bereken die tyd en datum waarop sokkerliefhebbers in Londen, Engeland hulle televisiestelle aangeskakel het om die finaal van die 2018 FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi te kyk.

Onthou dat Engeland Dagligbesparingstyd beoefen maar Rusland nie Dagligbesparingstyd beoefen nie.

Toon ALLE berekeninge.

(5)

- 2.1.2 Die verteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Sokker-vereniging (South African Football Association – SAFA) het vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe na Moskou, Rusland via Frankfurt, Duitsland gevlieg om die 2018 FIFA Wêreldbeker Sokkertoernooi by te woon. Hulle vlugbesonderhede word hieronder gegee.

Johannesburg, Suid-Afrika	16 uur 45 minute			Moskou, Rusland
		Wagtydperk (tyd wat voor die volgende vlug gewag moet word) 3 uur 05 minute		
Johannesburg 2 Junie, 18:55 Vlug SA7573	Frankfurt 3 Junie, Tyd: ?		Frankfurt 3 Junie, 08:35 Vlug LH1444	Moskou 3 Junie, 12:40

- (a) Die SAFA-verteenwoordigers het vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe aan boord vlug SA7573 om 18:55 op 2 Junie 2018 via Frankfurt op pad na Moskou vertrek. Die vlugtyd vir die eerste been van hulle reis was 10 uur 35 minute. Bereken die tyd en datum waarop hulle in Frankfurt, Duitsland het op die eerste been van hulle reis aangekom.

Onthou dat Duitsland Dagligbesparingstyd beoefen.

Toon ALLE berekeninge.

(6)

- (b) Na die 2018 FIFA Wêreldbeker-sokkertoernooi, het die SAFA-verteenwoordigers vanaf Moskou vertrek en na Suid-Afrika via Frankfurt teruggekeer. Hulle het om 08:30 op 19 Julie 2018 na 'n vlug van 20 uur geland. Bereken hoe laat hulle uit Moskou vertrek het.

Toon ALLE berekeninge.

(6)

- 2.1.3 Met hulle reis na Rusland moes die Suid-Afrikaners hulle paspoorte by immigrasiebeheer toon, maar het nie nodig gehad om 'n visum te bekom om Rusland binne te gaan nie.
- (a) Gee aan die SAFA-verteenwoordigers raad oor watter regeringsdepartement **en** in watter land hulle aansoek moet doen om 'n paspoort te bekom. (2 x 1) (2)
- (b) In 'n kort paragraaf bespreek die verskil tussen die TWEE reisdokumente waarna daar in VRAAG 2.1.3 (a) verwys word. (2 x 2) (4)
- 2.1.4 Nadat hulle deur paspoortbeheer by OR Tambo Internasionale Lughawe gegaan het, het die Suid-Afrikaners 'n geleentheid gehad om deur die doeanevry-winkels te loop en goedere aan te koop voor hulle vertrek.
- Gee EEN voorwaarde wat van toepassing op reisigers is wanneer hulle goedere by doeanevry-winkels by internasionale lughawens koop. (2)
- 2.1.5 Met hulle terugkeer na Suid-Afrika het die SAFA verteenwoordigers voor hulle vertrek 1 liter Russiese vodka by die doeanevry-winkels gekoop.
- Gee aan hulle raad of hulle die rooi of die groen kanaal moet kies met hulle aankoms by OR Tambo Internasionale Lughawe. Motiveer jou antwoord. (3)
- 2.2 Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die reisagent wat vir die reisreëlings van die SAFA-verteenwoordigers verantwoordelik was het aan die groep 'n keuse uit twee pakkette met opsionele aktiwiteite gebied.

Pakket A	Pakket B
Verblyf: <ul style="list-style-type: none"> Yum-yum Backpackers hostel geleë aan die buitewyke van Moskou Slegs bed, ontbyt op aanvraag beskikbaar Gedeelde verblyf in slaapsale Opsionele aktiwiteite: <ul style="list-style-type: none"> Een week visvang op die ys in Siberië (in die noordelike deel van Rusland) Vier dae ski op die sneeubedekte berge 	Verblyf: <ul style="list-style-type: none"> Aerostar hotel, Moskou middestad 4 ster, besigheidsgeoriënteerde verblyf Aandete, bed en ontbyt Pendeldiens 24 uur Wi-Fi Opsionele aktiwiteite: <ul style="list-style-type: none"> Besoek aan die Rooi Plein Opspring-afspring bus-stadstoer

- 2.2.1 (a) Bepaal die mees gepaste pakket vir die SAFA-verteenwoordigers. (1)
- (b) Motiveer jou keuse van pakket in VRAAG 2.2.1 (a). (2)
- 2.2.2 Gee TWEE veiligheidsmaatreëls wat die SAFA-verteenwoordigers in ag moet neem by hulle plek van verblyf in Moskou. (2 x 1) (2)
- [33]**

VRAAG 3

- 3.1 Bestudeer die onderstaande wisselkoerstabel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Land	Geldeenheidkode	BAK	BVK
Verenigde State van Amerika	USD	12,52	12,85
Groot Brittanje	GBP	16,62	17,32

- 3.1.1 'n Toeris van Londen, Engeland het 1 750 GBP en wil dit met haar aankoms in Suid-Afrika omruil vir ZAR vir haar vakansie. Bereken hoeveel Rand die toeris sal ontvang.
- LET WEL:** Rond die antwoorde tot TWEE desimale plekke af.
Toon AL die stappe van jou berekening. (3)
- 3.1.2 Sipho, 'n besigheidsman van Mdantsane naby Oos-Londen, reis na 'n vergadering in New York, VSA. Hy het ZAR 22 510 sakgeld.
- (a) Sipho is gewaarsku dat wisselkoerse op 'n daaglikse basis skommel en dat hy eers navorsing moet doen voordat hy sy ZAR wissel. Verduidelik die begrip *skommeling* met verwysing na wisselkoerse. (2)
- (b) Bereken hoeveel hy in USD sal ontvang wanneer hy sy ZAR wissel.
- LET WEL:** Rond die antwoorde tot TWEE desimale plekke af.
Toon AL die stappe van jou berekening. (3)
- (c) Met sy terugkeer het Sipho 250 USD oor. Bereken hoeveel hy in Rand sal ontvang as hy die USD wissel.
- LET WEL:** Rond die antwoorde tot TWEE desimale plekke af.
Toon AL die stappe van jou berekening. (3)

- 3.2 Bestudeer die strokiesprent en beantwoord die onderstaande vrae wat volg.

SUID-AFRIKAANSE RAND VERSTERK!!



*Swak Dollar

In 'n paragraaf bespreek die impak wat 'n sterk rand op die onderstaande kan hê:

- Toeriste van die Verenigde State van Amerika wat beplan om Suid-Afrika te besoek
- Suid-Afrikaanse uitgaande toeriste
- Suid-Afrikaanse binnelandse toeriste

(6)
[17]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C: TOERISME-BESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING**VRAAG 4**

- 4.1 Bestudeer die reisagentskap-strooibiljet en beantwoord die onderstaande vrae.



PENIKA REISAGENTSAP










Jou wêreldtoer beplanning deskundiges

Nou kan jy ophou daaroor praat en dit doen! Ons sal jou wêreldikoon droomreis 'n werklikheid maak.



- 4.1.1 Gee die amptelike name van die ikone op die strooibiljet uitgebeeld. (7 x 1) (7)
- 4.1.2 Identifiseer die SES lande wat tydens die geadverteerde Penika Reisagentskap wêreldtoer besoek gaan word. (6 x 1) (6)
- 4.1.3 Benoem die TWEE dorpe/stede wat in dieselfde land geleë is wat tydens die toer besoek gaan word. (2 x 1) (2)
- 4.1.4 Bespreek, in 'n paragraaf, waarom sekere aantreklikhede in die wêreld as wêreldikone beskou word. (3 x 1) (3)

4.2 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae.

Table Mountain Aerial Cableway Company (Maatskappy) Hoogtepunte 2016/2017			
			
Die <i>Cheapflights</i> Reistoekennings het op 24 November 2016 Tafelberg as die beste Suid-Afrikaanse aantreklikheid benoem.	Die Table Mountain Aerial Cableway Company (TMACC) het sy 87ste bestaansjaar gevier.	Ons winkels, spesifiek die <i>Exit Shop</i> , is opgeknip met die doel om meer spasie beskikbaar te stel asook om beter vloei van besoekers te vergemaklik.	Ons Kabelspoor oudiotoer, gevul met feite oor die Maatskappy en Tafelberg, is in twee toere verdeel, een vir die Boonste Stasie en een vir die Onderste Stasie.
	Ons gaan voort om meer as 95% van ons kleinhandel-produkte vanaf plaaslike verskaffers te bekom.		TMACC het meer kaartjie-aankoop opsies beskikbaar gestel deur met <i>iVenture Card</i> and <i>City Pass</i> in vennootskap te gaan.
			
Leerders het aan ons <i>Class in the Clouds</i> program deelgeneem.	Ons het Tafelberg se vyfde herdenking as een van die nuwe 7 Wonders van die Wêreld op 11 November 2016 gevier.	9% vermindering van watergebruik per besoeker.	

Verduidelik hoe die Table Mountain Aerial Cableway Company (Maatskappy) hul voortgesette sukses tussen 2016 en 2017 verseker het met verwysing na:

4.2.1 Volhoubare en verantwoordelike bestuursplanne (2 x 2) (4)

4.2.2 Positiewe ervaring van besoekers (2 x 2) (4)

[26]


VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**SA se #KHOMANI KULTURELE LANDSKAP AS NUWE UNESCO
WÊRELDERFENISTERREIN VERKLAAR**

Die #Khomani Kulturele Landskap strek oor 959 100 hektaar, vorm deel van die Kgalagadi Oorgrenspark en sluit ook die hele Kalahari Gemsbok nasionalepark in. Volgens UNESCO, 'toon die groot sand oppervlak bewyse van menslike bewoning van die Steentydperk tot die hede en word met die kultuur van die voormalige nomadiese #Khomani San mense en die strategieë wat hulle toegelaat het om by die strawwe woestyn toestande aan te pas, verbind'.

Die #Khomani San leef in volkome harmonie met die natuur, hulle neem slegs dit wat vervang kan word en wat hulle benodig. Hulle is een van die enigste San-groepe wat nog hulle tradisionele jagter-versamelaar leefwyse beoefen. Met merkwaardige uithou vermoë is hulle in staat om 'n dier se spore vir dae aaneen te volg en die dier dood te maak met 'n giftige pyl. Hulle kennis van die medisinale gebruik van plante, naboots van diere en voëls en hulle musiek en dans is welbekend. Hulle het vaardighede ontwikkel om skaars hulpbronne soos water te gebruik en om plantvoedsel in 'n uiters vyandige omgewing te vind.



[Verwerk uit www.whc.unesco.org, www.khomani.co.za en www.sa-venues.com]

- 5.1 Noem die provinsie van Suid-Afrika waar die #Khomani Kulturele Landskap geleë is. (2)
- 5.2 Identifiseer TWEE SAOG-lande, behalwe vir Suid-Afrika, wat by die verklaring van #Khomani Kulturele Landskap as 'n Wêrelderfenisterrein sal baat. (2 x 1) (2)

5.3

UNESCO se Kriteria 5 vir verklaring tot 'n Wêrelderfenisterrein.

“Om 'n uitstaande voorbeeld van 'n tradisionele menslike nedersetting, land- of seegebruik wat verteenwoordigend van 'n kultuur (of kulture), of menslike interaksie met die omgewing, veral as dit kwesbaar geword het onder die impak van onherroeplike verandering, te wees.

[Bron: www.whc.unesco.org]

Die ‡Khomani Kulturele Landskap het voldoen aan UNESCO se Kriteria 5 om Wêrelderfenisstatus te verkry.

Beskryf TWEE voorbeelde van strategieë wat die ‡Khomani San oor baie eeue ontwikkel het in hulle interaksie met 'n omgewing van uiterste toestande.

(2 x 2)

(4)

5.4

Stel TWEE entrepreneurs-geleenthede voor wat die ‡Khomani San kan oorweeg om hulle unieke kulturele erfenis ten toon te stel en te bewaar terwyl hulle waarde toevoeg aan die toerismebedryf van die omgewing.


(2 x 2)

(4)

[12]

VRAAG 6

Bestudeer die onderstaande beelde en beantwoord die daaropvolgende vrae.

SAToerisme bemarkingsveldtog in metrotreinstasies in Beijing, China	
6 metro spoorlyne	
20 vertoonborde	
120 bemarkingsplekke per dag	
Totale beraamde besigtigings: 282 580 200	

- 6.1 Verskaf bewyse uit die bostaande beeld dat daar verwag word dat die SAToerisme se bemarkingsveldtog 'n groot invloed op die Chinese reismark in Beijing sal hê. (2)
- 6.2 Gee TWEE maniere hoe SAToerisme se bemarkingsveldtog in Beijing, China, Suid-Afrika as 'n toerismebestemming sal bevoordeel. (2 x 2) (4)
- 6.3 Verduidelik hoe SAToerisme befondsing vir hulle bemarkingsinisiatiewe in China en ander internasionale markte van die privaatsektor ontvang. (2)

6.4



Die belangrikste faktor vir die Chinese reismark met die kies van 'n bestemming, is die reputasie van die handelsnaam ('brand reputation').

Bespreek TWEE maniere hoe die privaat safarigastehuisse ('private game lodges') in die Kruger Nasionale Park, hierbo uitgebeeld, tot die bemarkingspogings van SAToerisme in China kan bydra deur 'n betroubare handelsmerk vir Suid-Afrika te skep. (2 x 2) (4)

[12]

TOTAAL AFDELING C: 50

AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

VRAAG 7

Bestudeer die onderstaande beeld en beantwoord die daaropvolgende vrae.


			
<p>Ontmoet die span!</p>	<p>Thandi Algemene bestuurder</p>	<p>Warrick Toergids</p>	<p>Stuart Operasionele bestuurder</p>

- 7.1 Identifiseer die tipe toerisme dienslewering waarby die span van Amapondo Backpackers Lodge betrokke is. (2)
- 7.2 Die personeel van Amapondo Backpackers Lodge werk in 'n veeleisende omgewing. Gee EEN motivering om hierdie stelling te ondersteun. (2)
- 7.3 Gee EEN diensvoorwaarde wat in 'n dienskontrak vir personeel van Amapondo Backpackers Lodge ingesluit kan word. (2)
- 7.4 Stel EEN rede voor waarom die personeel van Amapondo Backpackers Lodge informele klerе dra en nie 'n formele uniform nie. (2)

[8]

VRAAG 8

Bestudeer die onderstaande beelde en beantwoord die daaropvolgende vrae.



- 8.1 Identifiseer die volhoubare toerisme-pilaar genommer **A**. (2)
- 8.2 Gee TWEE voorbeelde van goeie omgewingspraktyke wat die bestuur van Maropeng kan implementeer om te verseker dat hulle by hulle omgewingsbestuurstrategie hou. (2 x 2) (4)
- 8.3 Verduidelik hoe Maropeng se plaaslike verkryging aankopestrategie 'n positiewe ekonomiese impak vir die plaaslike gemeenskap kan hê. (2)
- 8.4 Stel TWEE aanlyn-bemarkingsplatforms wat die bestuur van Maropeng van gebruik kan maak voor wat omgewingsbewuste besoekers na die Wêrelderfenisterrein kan lok. (2 x 2) (4)
- 8.5 Stel TWEE voorbeelde van verantwoordelike toeristegedrag voor, buiten dié wat in die teks gelys is, wat die bestuur van Maropeng in hulle gedragskode vir verantwoordelike toerisme kan insluit. (2 x 2) (4)

- 8.6 Die bestuur van Maropeng onderneem om, as deel van hulle KMB beleid, op opvoedkundige instansies te fokus.
- 8.6.1 Verduidelik die begrip *KMB*. (2)
- 8.6.2 Bespreek, in 'n paragraaf, TWEE maniere waarby die bestuur van Maropeng hulle KMB-beleid in opvoedkundige instansies kan implementeer. (2 x 2) (4)
- [22]**

TOTAAL AFDELING D: 30

AFDELING E: PLAASLIKE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

VRAAG 9

9.1 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat daarop volg.


Las Vegas, 'n belangrike vermaaklikheidstad wat in die staat Nevada, VSA geleë is, is bekend vir mega-dobbelhotelle, dobbelary, inkopies, naglewe, teaters en restaurante.

Amper 43 miljoen mense, binnelandse toeriste ingesluit, het Las Vegas in 2016 besoek. Die stad was gasheer vir bykans 22,000 konferensies. Gemiddeld 95 persent van die 149,339 beskikbare kamers was oor naweke vol bespreek. Die stad het US\$9,7 biljoen in inkomste (geld) uit dobbelary gegenereer.

Op 1 Oktober 2017 het Las Vegas die toneel van die dodelikste massaskietvoerval in die geskiedenis van die VSA geword, toe 'n gewapende man op konsertgangers geskiet het vanuit sy kamer op die 32ste verdieping van die Mandalay Bay Resort en Casino hotel. Hy het ten minste 58 mense is doodgeskiet en 520 beseer voordat hy homself doodgeskiet het. Kort na die skietery het 'n radikale Islamitiese groep, Isis, verantwoordelikheid vir die insident geneem. Die tragedie word deur die Verenigde State Federale Buro vir Onderzoek (FBI) ondersoek.

BINNELANDSE EN INTERNASIONALE LUGREDERYBESPREKINGS NA DIE LAS VEGAS TRAGEDIE

(Top 5 binnelandse en internasionale markte per streek)




[Verwerk uit www.forwardkeys.com]

9.1.1 Klassifiseer die tragedie waarna daar in die uittreksel verwys word. (2)

9.1.2 Gee TWEE redes waarom binnelandse en internasionale lugredery besprekings kort na die Las Vegas tragedie drasties afgeneem het. (2 x 2) (4)

9.1.3 Stel DRIE maniere voor hoe hierdie tragedie 'n negatiewe impak op hierdie hoof vermaaklikheidstad gehad het. (3 x 2) (6)

- 9.2 Bestudeer die onderstaande grafiek van buitelandse toeriste aankomelinge en beantwoord die daaropvolgende vrae.



- 9.2.1 Bepaal watter TWEE provinsies 'n toename in die getal buitelandse toeriste aankomelinge in kwartaal 2 het in vergelyking met kwartaal 1 getoon. (2 x 1) (2)
- 9.2.2 Gauteng het 1 043 754 buitelandse besoekers in kwartaal 1 ontvang, waarvan 666 043 van Afrika landmarkte afkomstig was. Noem TWEE Afrika landmarkte waarvan Gauteng inkomende toeriste ontvang het. (2 x 1) (2)
- 9.2.3 Bereken die afname in die volume buitelandse aankomelinge na die Oos-Kaap in kwartaal 2, in vergelyking met kwartaal 1. (2)
- 9.2.4 Gauteng, die Wes-Kaap en Limpopo het tesame 52% van internasionale aankomelinge in kwartaal 2 gelok en 74% van toerisme inkomste vir hierdie tydperk gegenereer.

Stel TWEE maniere voor hoe hierdie ongelyke geografiese verspreiding van die ekonomiese impak van toerisme aangespreek kan word.

(2 x 2) (4)

[22]

VRAAG 10

Bestudeer die onderstaande kliënte-terugvoermetode en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Wat is die waarskynlikheid dat u ons sal aanbeveel aan iemand wat u ken?

0	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
---	---	---	---	---	---	---	---	---	---	----

Glad nie Definitief

**U evaluasie was 'n 2.
Sal u verduidelik waarom?**

Die gesindhede en gedrag van jou skoonmaakpersoneel is onaanvaarbaar.

Stuur terugvoering

Dankie vir u terugvoering.

- 10.1 Identifiseer die elektroniese kommunikasiemetode wat die toerismebedryf gebruik het om die kliënte-terugvoeringstruiment hierbo aan kliënte te versprei. (2)
- 10.2 Gee EEN rede waarom dit belangrik is vir toerismebedryf om terugvoering van hulle kliënte te kry. (2)
- 10.3 Stel TWEE strategieë vir ingryping voor wat die bedryfsbestuurder kan implementeer om die klage wat die kliënt in die bostaande vraelys geïdentifiseer het, aan te spreek. (2 x 2) (4)
- [8]**

TOTAAL AFDELING E: 30
GROOTTOTAAL: 200

